



16 September 2021

Geagte Ouers/Voogde

Graag bring ek die volgende belangrike sake onder u aandag:

1. AKADEMIE

Die akademiese stand van skole kom dikwels onder die loep in die media en 'n baie negatiewe prentjie word geskets oor die geweldige agterstand in skole. Opnames onder skole het bewys dat voormalige ex-model C-skole nie so 'n groot agterstand toon soos wat dit blyk te wees nie. Ek wil u die versekering gee dat Laerskool Park se akademie op 'n baie goeie standaard is en dat daar nie werklik agterstande bestaan nie. Die toewyding en hardwerkendheid van die personeel verdien hier 'n pluimpie. Park is 'n toonaangewende skool en u kinders is beslis in professionele hande.

2. TROLLIE-PROJEK

Dit is met groot opgewondenheid waarmee die Kruideniersware-trollie-projek weer gaan afskop op 23 September 2021 en sal op Donderdag, 4 November ten einde loop. Ek wil by voorbaat my dank uitspreek teenoor die hoofborge, Super Spar en MicFin Groepskema, wat hierdie projek moontlik maak. Kom ons gryp die geleentheid aan en maak 'n reuse sukses daarvan.

3. SOMERSDRAG

Die lente is hier, maar die winter is beslis nog nie verby nie. Vanweë die koue fronte wat ons area tans teister, skakel ons op 11 Oktober 2021, met die aanvang van die vierde kwartaal, oor na somersdrag.

4. OUERAAND EN UITDEEL VAN RAPPORTE

- **Rapporte** word uitgedeel op Vrydag, 1 Oktober 2021.
- Ouerafsprake sal deur die klasonderwyser met geïdentifiseerde ouers gereël word op Donderdag, 30 September 2021. Dit staan egter enige ouer vry wat graag van die geleentheid wil gebruik maak, om ook 'n afspraak met 'n spesifieke onderwyser/es te reël.

5. ALGEMENE OUERAAND – BEGROTING 2022

Op Dinsdag, 26 Oktober 2021 om 17:30 vind ons Algemene Begrotingsvergadering plaas vir die vasstelling van ons jaarlikse skoolfonds. Die aangehegte agenda sal tydens die geleentheid bespreek word.

Kom lewer u inset en verkry eerstehandse kennis in die werking van die skoolbegroting. Die voorgestelde begroting vir 2022 sal vanaf 12 Oktober 2021 ter insae by die finansiële kantoor beskikbaar wees.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF du Toit

LAERSKOOL PARK

**BEGROTINGSVERGADERING VAN LAERSKOOL PARK WAT GEHOU SAL WORD OP
26 OKTOBER 2021 om 17:30 IN DIE SKOOLSAAL**

AGENDA

- 1. Verwelkoming**
- 2. Goedkeuring van 2021 Begrotingsvergaderingsnotule.**
- 3. Voorlê van begroting vir 2022:**
 - 3.1 Inkomstes**
 - 3.2 Uitgawes**
 - 3.3 Voorstel van skoolfonds 2022**
- 4. Aansoek vir vermindering van skoolfonds**
- 5. Boekpakkette 2022**
- 6. Goedkeuring van skoolfonds en begroting vir 2022.**
- 7. ALGEMEEN:**
 - 7.1**
 - 7.2**

Afsluiting

.